DIE HOËRSKOOL DF MALAN

Frans Conradierylaan, Bellville 7530
Tel. (021) 948-8781 • Faks (021) 948-2996
E-pos: isentrum@dfmalan.com

4 Oktober 2024

Geagte Ouer

BEGROTINGSVERGADERING
Ons nooi u graag na die ouervergadering op **DONDERDAG, 7 NOVEMBER 2024** om **18:30** in die skoolsaal waartydens die Beheerliggaam die 2025-begroting aan u sal voorlê. Ons wil u graag versoek om hierdie vergadering by te woon.

Die begroting is ter insae by die hoof se kantoor vanaf 21 Oktober 2024 en moet per afspraak geskied. Geen afskrifte of e-posse van die begroting sal egter toegelaat word nie.

Die kernpunte van die 2025-begroting is soos volg:

Skoolfonds / Vakgelde:

	Jaarliks (Per Leerder)	**Per Maand (11 maande) (Jan. tot Nov.)**
Skoolfonds	R39 941	R3 631
Sportwetenskap	R3 100	R282
Robotika	R3 200	R291
Ekstra vak (8ste vak)		
RTT	R3 100.00	R282
IT	R3 100.00	R282
Leerondersteuningsmateriaal	R800	
Verlore Boeke	R250	
Sluitkassies	R160	

Eenmalige Betaling:
Om vir 'n korting van **R1 997** te kwalifiseer, moet betalings voor of op **15 Februarie 2025** gemaak word. **GEEN** uitsonderings sal gemaak word nie.

Maandelikse Betaling: Skoolgeld is maandeliks vooruitbetaalbaar oor 11 maande en moet voor of op die 4de van 'n maand betaal word.

Leerondersteuningsmateriaal: Leerondersteuningsmateriaal vir 2025 is betaalbaar teen 30 November 2024. Boeke moet in 2024 betaal en afgehaal word, anders word 'n boete van **R450** bygevoeg vir laat-betaling en/of laat-afhaal. Hierdie boete is nie van toepassing op nuwe leerders vir 2025 nie.

Ons sien daarna uit om u by die vergadering te ontvang.

Vriendelike groete.

Mnr. J.H. Conradie
Skoolhoof